

OOSTERWA

MINI UITGAWE

21 DESEMBER 2017

Gal. 6:7, 9 "...net wat die mens saai, dit sal hy ook maai... En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."

Die Boodskap: "Dit wat jy plant, sal jy ook oes... Kom ons hou aan om goed te doen. Dit is presies wat die Here wil hê. Dan sal ons op die regte tyd ons oes van Hom ontvang."

Hier volg die weervoorspelling vir die naweek van 1 tot 3 Desember 2017 te BLOEKOMPOORT... Sonskyn met 'n moontlikheid van wind. Wolke wat wissel van wit tot swart en selfs donker groen. Van sagte reënval tot vloede en amper oorstromings. Maar ons bly dankbaar vir elke druppel.

Ons laaste kamp vir die jaar, ons Kerskamp met meer kinders as gewoonlik.

Ons skop die naweek af met gesellige vure waarom ons rustig kuier en 'n vleisie braai. Na ete is die aand afgesluit met die gebruikelike koffie en koekies, wat gewoonlik deur Juliana gebak en gepak word. Met die aand luggie wat bietjie koelerig was het ons maar vroeg gaan slaap.

Saterdag oggend was dit reenerig, soveel so dat die boekevat uitgestel is tot later. Elkeen het onder skuilings en tente hul ontbyt gaar gemaak. Die kinders is almal gevra om tien uur by die saal byeen te kom sodat hulle dag se vermaak kon begin. Hulle het blom bakkies versier en klein veld- en vetplantjies daarin geplant om vir die ouers, oumas en oupa te gee as geskenkies. Die kinders is ook oorlaai met lekkers, koeldrank en alles wat soet was.

So by twee uur se kant het die son ons verras en lekker warm begin skyn. Die kinders kon toe die "slip en slide" gebruik wat met water en BAIE skottelgoed seep glad gemaak is. Weet nie so mooi van die skurf nie.

Behalwe vir die Oos-Rand lede het ons ook kuier gaste gehad vanaf streek Oosvaal, nl. Johan en Magda van Dyk wat van Potchefstroom af kom. Hulle het toevallig ook hul huweliksherdenking gevier en ons verras met 'n allerlei soet en sout. Ons het almal heerlik geëet en saam gekuier.



Ses uur toe almal reg was vir die Kers ete in die saal het daar weer 'n buien uitgesak wat ons amper laat swem het. Ons het boeke gevat en almal het uit volle bors saam liederes gesing. Die heerlike ete het ons laat vergeet dat dit nat was. Na ete het die kinders geduldig gewag vir Kersvader om sy opwagting te maak. Ek dink hy het per boot daarvan die Vaalrivier se kant af gearriveer. Name is gelees en geskenke is uitgedeel. Na 'n kort kuier sessie het almal maar gaan inkruip vir die nag.



Sondag oggend het ons ontbyt genuttig wat weer deur die oord se mense gemaak is. Altyd 'n wenner! Na ontbyt het ons na 'n Kerk boodskap geluister en afsluiting is gedoen deur Riaan Hyman en sy kinders, wat dan ook die kampkommandante was vir die naweek en Nico Ferreira.



So het die laaste kamp van 2017 ook tot 'n einde gekom.



Seen wense vir Kersfees en Voorspoed vir 2018 van die Bestuur en Dagbestuur.

Groete van wa tot wa.

Betsie Breedt



